# Stellar Home Language

Ondersteuning van vroeë taal- en geletterdheidsonderrig in Graad R

## Onderwysersgids vir ’n tweeweek-siklus

Tweede uitgawe 2018

Vroeë geletterdheidsprogram deur Wordworks

**Ali en die verf**

# LIEWE ONDERWYSER

Wordworks is ’n organisasie sonder winsbejag wat in 2005 gestig is om vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling te ondersteun. Die Stellar-program is deur Wordworks ontwerp om Graad R-onderwysers in hulle belangrike rol as onderwysers van taal en ontluikende geletterdheid te ondersteun. Ons fokus op Graad R omdat bewyse toon dat sterk vroeë taal- en geletterdheidsvaardighede alle latere leer ondersteun.

### *Vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling*

Ten einde te leer lees en skryf, moet kinders geleenthede kry om hulle vaardigheid en begrip op twee sleutelgebiede te ontwikkel:

- taalvaardighede (luister, praat, woordeskat en begrip)
- kodeverwante vaardighede (fonologiese bewustheid en letterklank-kennis).

Kinders moet ook baie geleenthede kry om te sien hoe lees en skryf werk, en om deur hulle onderwysers gewys te word hoe hierdie prosesse werk. Hulle moet boeke kan lees en geniet, en teken en vroeë skryfwerk gebruik om hulle idees oor te dra.

### *Ons program*

Stellar bied teoretiese en praktiese idees om jou te help om ’n taalryke klaskamer wat vroeë geletterdheidsontwikkeling ondersteun, te ontwikkel. Die program is in reaksie op terugvoering van Graad R-onderwysers en -opleiers ontwikkel en hersien. Stellar is in ooreenstemming met KABV-vereistes opgestel.

### *Stellar-klaskamermateriale*

Hierdie *Onderwysersgids* is een van ’n stel riglyne vir die onderrig van Huistaal, wat elkeen op ’n nuwe storie gebaseer is. Elke *Onderwysersgids* bevat ’n tweeweek-program van geïntegreerde aktiwiteite vir die daaglikse onderrig van Huistaal vir jou Graad R-klas.

’n *Onderwysersgids vir ouervergaderings* help jou om leiding aan ouers te gee oor hoe om taalleer tuis te ondersteun.

### *Stellar-opleiding*

Vir onderwysers wat leer hoe om die Stellar-program te gebruik, is daar ’n stel *Onderwyserwerkboeke* wat jou deur die verskillende elemente van die program lei terwyl dit jou begrip van waarom elke element belangrik is, verdiep.

### *Jou stories*

Ons weet dat onderwysers innoverend is om enige hulpbronne wat beskikbaar is, te gebruik. Ons moedig jou aan om die aktiwiteite in hierdie gids by jou konteks en die hulpbronne wat aan jou beskikbaar is, aan te pas. Namate jy vertroud raak met die tweeweek-raamwerk in die Stellar-program, sal jy jou eie storieboeke en mondelinge stories as grondslag vir die onderrig van taal en ontluikende geletterdheid kan gebruik.

### *Ontmoet vir Stella*



Jy sal sien dat daar deurgaans ’n onderwyser in hierdie *Onderwysersgids* teenwoordig is. Sy sal jou geselskap hou op jou leerreis en sal dikwels raad gee op grond van haar jare lange ervaring in die Graad R-klaskamer. Onderwysers het haar gemoedelik die naam Stella gegee!

Ons hoop jy geniet dit om hierdie program te gebruik. Jy sal jou Graad R-leerders die beste geskenk moontlik gee – en ons weet jy sal dit geniet om saam met hulle te leer!

Met ons beste wense,


*Stella en die Wordworks-span*

# INHOUD


| | |
|---|---|
| Inleiding tot Stellar | 4 |
| Ali en die verf | 8 |
| Tweeweek-beplanner | 12 |
| Inleiding tot letter- en klankaktiwiteite | 16 |
| Letter- en klankaktiwiteite | 18 |
| Inleiding tot storiegebaseerde aktiwiteite | 26 |
| Storiegebaseerde aktiwiteite | 28 |
| Inleiding tot beurtgroep-aktiwiteite | 40 |
| Beurtgroep-aktiwiteite | 42 |
| Hulpbronne | 50 |

# Inleiding tot Stellar


## *Hoe om hierdie boek te gebruik*





Begin met die **Tweeweek-beplanner** (bladsy 12) wanneer jy voorberei om 'n tweeweek-siklus te onderrig. Dit toon al die aktiwiteite wat jy elke dag vir twee weke lank sal doen.

As jy hierdie beplanner volg, sal jy alles dek wat jy benodig vir goeie Huistaal-onderrig in ooreenstemming met die KABV.

Kinders sal ewe veel heleklas- en kleingroep-aktiwiteite hê, waarvan hulle sommige onafhanklik sal doen, terwyl ander onderwysergerig is.




In elke *Stellar-onderwysersgids* is daar een storie, wat jy op bladsy 8 sal vind, saam met 'n rympie, 'n liedjie en 'n woordelys. Verwys na hierdie storie voorin die boek wanneer nodig.




Jy kan jou weg maklik deur die gids vind deur aan die bokant en onderkant van elke bladsy na die afdelingname te kyk.

Die aktiwiteite is in drie afdelings verdeel, elkeen met 'n eie inleiding:

**Letter- en klankaktiwiteite**

**Storiegebaseerde aktiwiteite**

**Beurtgroep-aktiwiteite**

Aan die einde van die boek gee ons vir jou twee tipes **Hulpbronne**: onderwyserhulpbronne en fotokopieerbare hulpbronne vir die kinders. Die voetskrif sê vir jou waar om elke hulpbron te gebruik.

### *Die ontwikkeling van 'n stel hulpbronne*

Jy sal met verloop van tyd jou eie stel hulpbronne moet ontwikkel om die Stellar-program te onderrig. Party van hierdie hulpbronne hou verband met die storie in elke gids. Ons gee vir jou papierpoppe, opeenvolgende prente en 'n Groot Boek in elke storiepak, asook 'n templaat om klein boekies te maak. Ons weet dat jy, as 'n skeppende onderwyser, vooruit sal beplan om ander hulpbronne te maak en te versamel om die Stellar-storie te ondersteun. Kinders geniet rekwisiete tydens storievertelling asook kostuums vir fantasiespel, en jy sal afvalmateriale benodig vir kuns- en handwerk-aktiwiteite. Onthou hoe belangrik dit vir kinders is om gedrukte materiaal verbonde aan die storie te sien: wees op die uitkyk vir prenteboeke, winkelbrosjures en tydskrifte vir jou boekhoekie en plakkate vir jou mure.

Jy sal altyd kleurkryte, verf en verfkwaste, skêre, gom, en papier waarop die kinders kan teken, benodig. Jy kan eenvoudige sandbakke, witborde en speeldeeg maak (resep en metode op bladsy 50). Hierdie gids bied template om jou eie legkaarte, speletjieborde en letterkaarte te maak, asook 'n paar aktiwiteitsbladsye wat jy vir die kinders kan fotokopieer. As jy nie fotokopieë kan maak nie, kan jy gerus die aktiwiteit aanpas of die ander opsies gebruik wat in die gids gegee word.

Ons stel voor dat jy seker maak dat alles gereed is voordat jy met jou lesse begin, sodat jy jou lestyd ten beste kan benut.

### *Assessering*

In Graad R is assessering informeel, wat beteken dit is veral belangrik dat jy bewus bly van elke kind se sterk punte, swak punte en vordering ten opsigte van taal en geletterdheid, asook van hulle vlakke van selfvertroue en genot in al die Huistaal-lesse. Ons moedig jou aan om aantekeninge oor elke kind te maak en belangrike leergebeure, uitdagings wat ervaar word en enige idees oor hoe jy daarop kan reageer aan te teken. Benewens daaglikse waarneming, is daar talle assesseringsgeleenthede in die Stellar-tweeweek-siklus ingebou wat jou die geleentheid bied om op individuele kinders se vordering te fokus. Dit sluit die volgende in:

- Beurtgroep-aktiwiteite: Jy sal toegewyde tyd met individuele kinders deurbring om hulle tekenwerk en ontluikende skryfwerk te ondersteun.
- Papiergebaseerde aktiwiteite: Kinders sal hulle eie papiergebaseerde werk in die *Reënboogletters*-aktiwiteit, die *Lees en doen*-aktwiteite, en die tweede aktiwiteit oor opeenvolgende prente (getiteld *Nog opeenvolgende prente*) doen.

Dit is uiters belangrik dat kinders nooit moet voel dat jy hulle of hul werk assesseer nie. Jong kinders vind dit byna onmoontlik om in 'n omgewing te leer waarin hulle bang, angstig of onseker voel. Jou taak is om hulle selfvertroue asook hulle vaardighede en kennis te ontwikkel, sodat hulle vir jou hul beste werk kan lewer.

### *Taalleergeleenthede deur die hele dag*

Die Stellar-program bied gestruktureerde aktiwiteite vir verskillende dele van die dag. Ons weet egter dat taalleer die hele dag in klaskamers plaasvind waar onderwysers responsief teenoor kinders is en ryke heen-en-weer-gesprekke toelaat. Dit is baie belangrik dat jy reageer op dít wat die kinders interesseer. Oorgangstye, wys en vertel, happietyd en oggendkring bied uitstekende geleenthede om taal deur vrae, kommentaar en gesprekke te ontwikkel. Op die volgende bladsy gee ons idees oor hoe jy taalleer tydens twee geliefde Graad R-aktiwiteite – *Storietyd* en *Wys en vertel* – ten beste kan ontwikkel.

## *Wys en vertel*

Wys en vertel is 'n geliefde deel van die daaglikse program in Graad R. Kinders bring iets van die huis af om met die klas te deel: Dit kan enigiets wees van 'n foto van 'n familielid tot 'n storieboek tot 'n herfsblaar. Dit is belangrik dat dit nie 'n tyd word waar kinders nuwe besittings soos klere of duur speelgoed vertoon nie.

**STAPPE**

**1** Die kinders sit saam met jou in 'n kring. (Dit kan die hele klas of 'n klein groepie wees, na gelang van hoe jy hierdie aktiwiteit struktureer.)
**2** Begin: *"Is ons nie gelukkig nie? Drie kinders het vandag iets vir Wys en vertel gebring. Kom ons sit stil en luister mooi."*
**3** Vra elke kind om vir die groep te vertel wat hulle gebring het.
**4** Bevestig die kind se keuse van voorwerp. Byvoorbeeld: *"Ek is mal daaroor om skulpe op te tel. Dit laat my aan die somer dink!"*
**5** Luister aktief na die kind wat praat. Maak oogkontak.
**6** Herhaal en brei dan uit op dít wat hulle oor hulle voorwerp sê. Moedig hulle aan om te praat deur spesifieke vrae te vra en luister mooi na hulle antwoorde. Vra of enigiemand anders 'n vraag wil vra.
**7** Nadat al die kinders oor hulle voorwerp gepraat het, kan jy 'n vinnige geheue- en begripsvasvra hou:
- Wie het vir ons vertel van ...?
- Waar het ... haar ... gekry?
- Iemand het verduidelik hoekom. Kan julle die rede onthou?

***Reëls vir Wys en vertel:***
- *Neem beurte om te praat.*
- *Kyk na die persoon wat praat.*
- *Luister mooi na wat elke persoon sê en dink daaroor na.*
- *Sit stil.*



## *Storietyd: Lees hardop vir genot*

Die Stellar-program is storiegebaseerd. Ons het eenvoudige stories geskryf en volksverhale aangepas as grondslag vir leeraktiwiteite oor 'n tweeweek-tydperk.

Dit is ook belangrik dat kinders bloot vir genot na stories luister. Daar moet tyd in die dag wees wanneer jy vir die kinders stories met ryk taal en pragtige illustrasies lees, met geen verwagtinge of aktiwiteite wat daarop volg nie. Ons wil hê dat kinders hulle werklik moet kan inleef – om in 'n wonderlike storie verdiep te raak en die betowering van boeke te ervaar.

In die Stellar-tweeweeksiklus stel ons voor dat hardoplees aan die einde van elke dag plaasvind. Jy sal vooraf moet beplan om 'n verskeidenheid storieboeke gereed te hê waarvan jy en die kinders sal hou. Kyk na ons webtuiste vir 'n paar aanbevelings.

**STAPPE**

**Voor lees**

**1** Wys vir die kinders die boek se voorblad. Vra hulle om te voorspel waaroor die storie gaan.
**2** Gaan op 'n prentwandeling deur die boek – kyk na die prente en voorspel die storie. (As die storie 'n heerlike verrassing het, kan jy dalk eerder die prentwandeling oorslaan of halfpad daarmee ophou!)
**3** Bring die storie met die kinders se eie kennis en ervaring in verband.
**4** Stel 'n paar sleutelwoorde uit die storie bekend.
**5** Lees die titel van die storie en die naam van die outeur en illustreerder.

**Tydens lees**

**1** Lees met gevoel, en gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
**2** Behou oogkontak met die kinders.
**3** Gebruik dramatiese tussenposes om die storie opwindend te maak.
**4** Wys vir die kinders die prente terwyl jy elke bladsy lees.
**5** Hou die kinders betrokke deur te vra, *"Wat dink julle gaan nou gebeur?"*
**6** Geniet die ervaring om die storie met die kinders te deel.

**Ná lees**

1. Geniet bloot die wonder van gedeelde storie.
2. Vra die kinders van watter deel van die storie of watter karakter hulle die meeste gehou het.

## *Ondersteuning van veeltaligheid*

Die kinders in jou klas sal moontlik verskillende tale tuis praat. Dit beteken dat party kinders se huistaal verskil van die taal van onderrig in die skool. Alhoewel Stellar 'n Huistaal-program is, weet ons dat alle kinders kan voordeel trek uit ryk veeltalige leerruimtes. Waar moontlik, moedig ons jou aan om kinders toe te laat om hulle eie taal met hulle klasmaats te praat terwyl hulle selfvertroue opbou om die nuwe taal van die klaskamer te gebruik. Vroeg in die skooljaar kan kinders wat meer as een taal praat, genooi word om jou te help om jou instruksies en kinders se antwoorde te vertaal. Die stemme van jong kinders moet nooit stil gemaak word omdat hulle nog nie die klaskamertaal kan praat nie. 'n Tweede taal moet altyd op die eerste taal bou, eerder as om dit te vervang.

Al gaan jy die Stellar-storie in die skool se onderrigtaal bekendstel, sal tweedetaalleerders voordeel daaruit trek om dieselfde storie in hulle eie taal te hoor. As jy nie genoeg selfvertroue het om die storie op hierdie manier te vertel nie, kan jy 'n ouer nooi om die storie in daardie taal vir die klas te kom vertel. Jy kan die vertalings van die stories gratis van die Wordworks-webtuiste aflaai.

In party van die Stellar-aktiwiteite moedig ons jou aan om met woorde uit meer as een taal te werk. Dit bied jou die geleentheid om met die kinders oor ons veeltalige wêreld te gesels. Dit help jou ook om erkenning te gee aan die bydrae van kinders wat taaldiversiteit na die klaskamer bring – gee hulle 'n kans in die kollig! Ons moedig jou aan om pret te hê met woorde uit die storie, en om jou eie kennis van ander tale te ontwikkel. Probeer om 'n paar woordeskatwoorde uit die Stellar-stories in verskillende tale bekend te stel aan kinders wat 'n tweede taal aanleer, en om die kennisbasis van eentalige kinders uit te brei.

## *Ouers*

Dit is baie belangrik dat ouers betrokke is by hulle kinders se leer, veral wanneer kinders jonk is. Wanneer ouers positief is oor wat by die skool gebeur, help dit kinders om twee baie belangrike dele van hulle wêreld bymekaar te hou – die huisdeel en die skooldeel. Wanneer ouers aandag gee wanneer hulle kinders praat en lees, skryf en teken, sal kinders glo dat daar waarde aan hierdie aktiwiteite geheg word en dat dit belangrik is.

Die *Stellar-Onderwysersgids vir ouervergaderings* is ontwikkel om jou te help om ouers se belangstelling in jou Graad R-klaskamer te prikkel, veral in jou implementering van die Stellar-taalprogram. Selfs al reël jy nooit ouervergaderings nie, is daar talle eenvoudige maniere waarop jy ouerbetrokkenheid by kinders se leer kan aanmoedig. Wees op die uitkyk vir die voorstelle om klein boekies huis toe te stuur wat die kinders vir hulle ouers kan voorlees, moontlikhede vir ouers om met storievertelling en speletjies in die klaskamer te help en die baie belangrike idee dat ouers met hulle kinders moet gesels en saam met hulle moet lees!

*Navorsing toon dat een van die beste maatstawwe van gehalte in klaskamers die vlak van interaksie tussen onderwysers en kinders is. Maak jou klaskamer 'n plek waar kinders aangemoedig word om vrae te vra en te beantwoord en hulle idees te lug, en waar hulle die voordeel van betekenisvolle gesprekke met hulle onderwyser kan ervaar.*



# Ali en die verf

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en
draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

Eendag het mnr. en mev. Ibrahim ’n winkel gehad. Hulle het elke dag in die winkel gewerk. Eendag kom mev. Ibrahim van die werk af huis toe met twee geskenke in haar sak – een vir Musa en een vir sy klein boetie, Ali.



Sy haal een geskenk uit haar sak. Dit is groot en rond. Ma lees die kaartjie. Dit sê: “Aan Ali, Met liefde van Mamma en Pappa.” Wat dink julle is in die pakkie? Ali maak sy geskenk oop. Ja, dis ’n bal, ’n mooi, rooi bal! Ali sê: “Dankie, Mamma!” en hy neem die bal en gaan speel buite met sy maats.

Mamma lees die kaartjie op die ander geskenk. Dit sê: “Aan Musa, Met liefde van Mamma en Pappa.” Musa kyk na sy geskenk. Dit is reghoekig. Hy neem die reghoekige geskenk en maak dit oop, en dit is wat hy sien: daar is ’n verfkwas en vier potjies verf – rooi, geel, blou en groen! Musa is só bly want hy hou daarvan om prentjies te verf. Hy sê: “Dankie, Mamma. Ek is baie bly. Ek sal ’n prentjie vir Mamma en ’n prentjie vir Pappa verf.”



Toe Musa klaar geverf het, bêre hy die verf weer in die boks en sit dit op die tafel. Waar het hy die verf gesit? O ja! In die boks, op die tafel. Musa gaan speel toe buite met sy vriende.

Terwyl hy buite speel, gebeur daar iets. Luister – ek sal julle vertel. Klein Ali kom in en hy sien die reghoekige boks op die tafel. Hy wil kyk wat in die boks is. Hy stoot dus die stoel tot langs die tafel en … wat dink julle doen hy? Ja, hy klim op die stoel en toe klim hy op die tafel. Wat dink julle doen hy toe? Ja! Hy maak die boks oop en haal die rooi verf, die blou verf en die groen verf uit.





En weet julle wat doen hy toe? Ali maak die potjie groen verf oop en smeer dit aan sy neus. Wys my julle neuse en wys my hoe hy groen verf aan sy neus gesmeer het. Toe maak hy die potjie rooi verf oop en hy smeer die rooi verf oor sy maag. Wys my hoe julle rooi verf oor julle mae smeer. Mmmm, dit voel so lekker! Toe maak hy die potjie blou verf oop en hy smeer die blou verf oor sy tone. Kan julle julle tone wikkel?

Nou het klein Ali groen verf op sy neus; rooi verf op sy … maag; en blou verf op sy … tone. Hy waai sy hande só en hy lag en lag. Weet julle watter kleur verf het in die boks oorgebly? Ja! Die geel verf het in die boks

oorgebly. Maar Ali het nie die potjie geel verf geneem nie, want net toe kom mev. Ibrahim in en sy sien hom.



Ali lag en klap sy hande.
Mev. Ibrahim sê: "Ali! Wat maak jy?" Toe glimlag sy en sy sê: "Jou neus is groen. Jou maag is rooi. Jou tone is blou. En ek's lief vir jou!"

Mev. Ibrahim neem vir Ali buitentoe en sy was sy neus. Sy was sy maag. Sy was sy tone. Sy bêre die verf in die kas sodat Ali dit nie weer kan kry nie.

**Fluit, fluit, my storie is uit!**



**WOORDELYS**
blou; groen; geel; rooi; neus; maag; tone; stoel; tafel; verf; bal; boks; geskenk; klim; oop; lag; was; klap; wikkel; binne; buite; op; in; langs; rond; reghoekig

Jou neusie is groen;


Jou magie is rooi;

Jou tone is blou –

En ek's lief vir jou!

***Ali verf die appel***

Op die wysie van *The wheels on the bus*






Ali verf die appel en dis rooi,
rooi, rooi,
rooi, rooi, rooi,
rooi, rooi, rooi.
Ali verf die appel en dis rooi,
rooi, rooi.
Mooi so, Ali!

Ali verf die lug en dis blou,
blou, blou,
blou, blou, blou,
blou, blou, blou.
Ali verf die lug en dis blou,
blou, blou.
Mooi so, Ali!

Ali verf die boom en dis groen,
groen, groen,
groen, groen, groen,
groen, groen, groen,
Ali verf die boom en dis groen,
groen, groen,
Mooi so, Ali!

Ali verf die suurlemoen geel,
geel, geel,
geel, geel, geel,
geel, geel, geel,
Ali verf die suurlemoen geel,
geel, geel,
Mooi so, Ali!

# Tweeweek-beplanner: Week 1

| AKTIWITEIT | MAANDAG | | DINSDAG | |
|---|---|---|---|---|
| **WYS EN VERTEL** | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | |
| **HELE KLAS**<br>**LETTER- EN KLANKAKTIWITEITE** | Vertel die storie vir die eerste keer.<br>Stel 'n letter uit die storie bekend (**b**) | | Vorm die letter (multisensoriese aktiwiteite) | |
| **HELE KLAS**<br>**STORIEGEBASEERDE AKTIWITEITE** | Storievertelling en woordeskatbou | | Storievertelling en sang | |
| **BEURTGROEP-AKTIWITEITE** | **Groep 1** | Oefen die letter (**b**) | **Groep 1** | Kreatiewe spel<br>(kuns en handwerk) |
| | **Groep 2** | Teken en ontluikende skryf<br>(onderwyserleiding) | **Groep 2** | Oefen die letter (**b**) |
| | **Groep 3** | Onafhanklike lees | **Groep 3** | Teken en ontluikende skryf<br>(onderwyserleiding) |
| | **Groep 4** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 4** | Onafhanklike lees |
| | **Groep 5** | Kreatiewe spel<br>(kuns en handwerk) | **Groep 5** | Letterlegkaarte en -speletjies |
| **STORIETYD** | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | |

| WOENSDAG | | DONDERDAG | | VRYDAG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | |
| Letterhouers | | Luister vir begin- en eindklanke | | Samesmelting en verdeling (lettergrepe) | |
| Storievertelling en rolspel | | Opeenvolgende prente | | Interaktiewe skryf en lees | |
| **Groep 1** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 1** | Onafhanklike lees | **Groep 1** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) |
| **Groep 2** | Kreatiewe spel (kuns en handwerk) | **Groep 2** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 2** | Onafhanklike lees |
| **Groep 3** | Oefen die letter **(b)** | **Groep 3** | Kreatiewe spel (kuns en handwerk) | **Groep 3** | Letterlegkaarte en -speletjies |
| **Groep 4** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) | **Groep 4** | Oefen die letter **(b)** | **Groep 4** | Kreatiewe spel (kuns en handwerk) |
| **Groep 5** | Onafhanklike lees | **Groep 5** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) | **Groep 5** | Oefen die letter **(b)** |
| Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | |

# Tweeweek-beplanner: Week 2

| AKTIWITEIT | MAANDAG | | DINSDAG | |
|---|---|---|---|---|
| **WYS EN VERTEL** | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet 'n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | |
| **HELE KLAS LETTER- EN KLANKAKTIWITEITE** | Stel 'n letter uit die storie bekend (**r**) | | Vorm die letter (multisensoriese aktiwiteite) | |
| **HELE KLAS STORIEGEBASEERDE AKTIWITEITE** | Nog opeenvolgende prente | | Interaktiewe lees: Groot Boek | |
| **BEURTGROEP-AKTIWITEITE** | **Groep 1** | Oefen die letter (**r**) | **Groep 1** | Kreatiewe spel (fantasiespel) |
| | **Groep 2** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) | **Groep 2** | Oefen die letter (**r**) |
| | **Groep 3** | Onafhanklike lees | **Groep 3** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) |
| | **Groep 4** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 4** | Onafhanklike lees |
| | **Groep 5** | Kreatiewe spel (fantasiespel) | **Groep 5** | Letterlegkaarte en -speletjies |
| **STORIETYD** | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag 'n nuwe boek hardop. | |

| WOENSDAG | | DONDERDAG | | VRYDAG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Geniet ’n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet ’n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | | Geniet ’n paar wys-en-vertel-aanbiedings. | |
| Letterhouers | | Luister vir begin- en eindklanke | | Samesmelting en verdeling (lettergrepe) | |
| Lees en doen | | Interaktiewe skryf en lees | | Luister en doen | |
| **Groep 1** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 1** | Onafhanklike lees | **Groep 1** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) |
| **Groep 2** | Kreatiewe spel (fantasiespel) | **Groep 2** | Letterlegkaarte en -speletjies | **Groep 2** | Onafhanklike lees |
| **Groep 3** | Oefen die letter (**r**) | **Groep 3** | Kreatiewe spel (fantasiespel) | **Groep 3** | Letterlegkaarte en -speletjies |
| **Groep 4** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) | **Groep 4** | Oefen die letter (**r**) | **Groep 4** | Kreatiewe spel (fantasiespel) |
| **Groep 5** | Onafhanklike lees | **Groep 5** | Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) | **Groep 5** | Oefen die letter (**r**) |
| Lees elke dag ’n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag ’n nuwe boek hardop. | | Lees elke dag ’n nuwe boek hardop. | |

# Inleiding tot letter- en klankaktiwiteite

Navorsing toon dat kinders wat iets weet van letters en die klanke wat hulle maak waarskynlik makliker sal leer lees en skryf as kinders met beperkte letter- en klankkennis. Dit beteken egter nie dat ons voorstel dat jy kinders in Graad R op ’n formele manier van letters moet leer nie. Die Stellar-program sluit talle prettige, ouderdomsgeskikte maniere in om kinders se kennis van letters te ontwikkel.

Ons glo nie daaraan dat Graad R-kinders gedril moet word om die alfabet op te sê, om letters van ’n bord af te skryf of om te oefen om letters tussen lyne of op papier met ’n potlood te skryf nie. In die Stellar-program leer kinders hoe om letters te vorm deur groot bewegings en deur ervarings wat al hulle sintuie betrek. Ons weet kinders leer die beste wanneer iets vir hulle betekenis het; dus doen ons moeite om letters en klanke te koppel aan stories – asook aan nuwe woorde, prente en voorwerpe. Kinders leer van taal terwyl hulle kennis van letters ontwikkel.

Navorsing toon dat buiten om te leer van die verhoudings tussen letters en klanke, dit belangrik is vir kinders om bewus te raak van klanke in gesproke taal (fonologiese bewustheid). As kinders nie leer om aandag te skenk aan klanke in gesproke taal nie, sal hulle dalk weet wat hulle wil skryf, maar nie die klanke in woorde kan hoor om dit te kan skryf nie. Die letter- en klankafdeling van die Stellar-program sluit talle mondelinge aktiwiteite in wat kinders help om hierdie bewustheid te ontwikkel.

Ons het veeltalige lyste van woorde uit die storie by ’n aktiwiteit ingesluit om kinders se vermoë om woorde in lettergrepe te verdeel, en om lettergrepe saam te smelt om woorde te maak, te ontwikkel. Navorsing toon dat indien jong kinders leer om aandag te gee aan klanke in woorde in een taal, hulle hierdie vaardigheid na ’n ander taal kan oordra. Nog belangriker, kinders begin leer dat daar so baie is om te leer van woorde uit alle tale – en dat hulle soveel pret kan hê wanneer hulle met woorde speel!

Deur tyd aan hierdie aktiwiteite te bestee, sal Graad R-kinders op ’n ontdekkingsreis na die wêreld van letters en klanke gevoer word, wat sal verseker dat hulle goed voorbereid is op die eise van die Graad 1-kurrikulum.

## *’n Oorsig van hierdie afdeling*

Die Stellar-program fokus elke week op ’n nuwe letter. Die letters wat vir elke storie gekies is, verskil vir elke taal omdat dit verband hou met woorde in die storie. Die ideaal is om nuwe letter bekend te stel deur dit in verband te bring met woorde uit bekende storie, maar as jou skool vereis dat jy letters in ander volgorde onderrig, kan jy steeds die idees vir die onderrig van letters in die Stellar-program gebruik.

Ons stel voor dat jy beplan dat die letter- en klankaktiwiteite ongeveer 15 minute elke dag sal neem. Ons gee vir jou aktiwiteite om van Maandag tot Vrydag te gebruik. Die aktiwiteite in Week 1 word in Week 2 herhaal, met die fokus op ’n nuwe letter.

Gewoonlik doen die hele klas saam hierdie aktiwiteite aan die begin van die daaglikse program. Jy kan egter enige tyd in jou daaglikse roetine op klanke en letters fokus, veral tydens buitespel en oorgangstye (wanneer hulle in rye buite die toilet staan, voorberei vir middagete, ensovoorts). Gebruik geleenthede om letters in die omgewing uit te wys en vra die kinders watter letters hulle rondom hulle sien. Dit help hulle om te sien hoe ons letters gebruik as leidrade om dinge rondom ons te lees

## *Hulpbronne wat vir die letter- en klankaktiwiteite gemaak kan word*

### *Speeldeegmatte*

Plaas fotokopieë van die lettertemplate in Hulpbronne in plastiekomslae. Die kinders kan die gedrukte letter as 'n riglyn gebruik wanneer hulle speeldeegletters vorm. Speeldeegmatte kan ook van webblaaie soos www.sparklebox.co.uk afgelaai en gedruk word.

### *Witborde*

Plaas 'n stuk karton of papier in 'n plastiekomslag. Die kinders kan 'n witbordmerker gebruik om te oefen om groot letters te 'skryf'. Dit kan dan maklik met 'n lap of sneesdoekie afgevee word.

### *'n Stel letterhouers*

Vul leë roomysbakke met voorwerpe (of prente van voorwerpe) wat met 'n spesifieke klank begin. Die **g**-houer sal byvoorbeeld voorwerpe bevat waarvan die name met die klank **/g/** begin.

Gebruik die woordelyste om jou te help om items vir die houers te kies. Merk elke letterhouer deur die lettertemplate te gebruik. Dit is raadsaam om die letters op 'n sensoriese materiaal soos vilt, skuurpapier of riffelkarton na te trek. Knip die letter uit en plak dit op die deksel van die letterhouer. Plak 'n kleiner letter aan die kant van die houer sodat jy maklik die houer wat jy benodig, kan identifiseer wanneer die letterhouers opmekaar op 'n rak gepak is.

*Dit is nie nodig om 'n letterhouer vir elke letter van die alfabet te maak nie. Dit is moeilik om geskikte voorwerpe vir die letters **c**, **q**, **x** en **z** te vind, en die kinders sal hierdie letters leer wanneer hulle dit in drukwerk teëkom wanneer hulle leer lees. Vokale maak ook verskillende klanke in verskillende woorde; dus is letterhouers nie 'n goeie manier om vokale bekend te stel nie.*











LETTERS EN KLANKE

# MAANDAG Stel ’n letter uit die storie bekend

**Letterklankkennis: Kinders leer van twee nuwe letters verbonde aan woorde uit die storie. In Week 1 is die fokusletter b, en in Week 2 is die fokusletter r.**

**JY BENODIG**
***Ali en die verf***-storie op bladsy 8; groot alfabetkaart; bord

*Vertel vir die kinders die storie van* ***Ali en die verf*** *op bladsy 8.*



**STAPPE**

***Luister vir beginklanke***

1 Vra die kinders om op die mat te sit en mooi na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: “*bal, boks, boetie, blou*”. Vra die kinders waar hulle die woorde vantevore gehoor het.

2 Sê vir die kinders: “*Kan julle hoor met watter klank hierdie woorde begin: b-b-bal, b-b-boks, b-b-boetie, b-b-blou? Ja, dis reg! Hulle begin met die klank* ***/b/****. Luister nou mooi, hier is nog ’n paar woorde wat met* ***/b/*** *begin: besem, bed, bid, braaf, besie, borrel, buite, binne.*” (Beklemtoon die beginklank wanneer jy hierdie woorde sê, bv.: b-b-besem, b-b-braaf.)

***Sê die klank***

1 Sê die **/b/**-klank duidelik en sê die kinders moet jou mond mooi dophou terwyl jy die klank maak.

2 Vra die kinders om die **/b/**-klank te sê: “***b-b-b-b-b***”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, vir die plafon en vir mekaar. Maak seker die kinders sê die klank van die letter en nie die naam van die letter **b** (‘bee’) nie.

3 Leer die kinders ’n aksie wat met die klank verband hou. Die kinders kan byvoorbeeld voorgee om ’n bal te bons terwyl hulle “***b-b-b-b-b***” sê.

***Dink aan woorde wat met die klank begin***


1 Vra die kinders of iemand se naam met **/b/** begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank **/b/** begin.

### *Vorm die letter*


1 Vra vir die kinders of hulle weet hoe om ’n letter te skryf wat die klank **/b/** maak.

2 Wys vir die kinders hoe om die letter **b** te vorm. Skryf ’n groot letter op die bord terwyl jy sê: “*Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om.*”

3 Laat die kinders die lettervorming in die lug, op die mat, op hulle hande, ens. oefen.



Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om.



Begin by die kol en af, op en om.

### *Verbind die letter met die alfabetkaart*

1 As jy ’n alfabetkaart in die klas het, kan jy vir die kinders die letter **b** daarop wys. Verduidelik dat hierdie letter ook ’n naam het: ‘bee’. Dit sal hulle help om die klanke wat hulle leer met dieettername en die alfabetliedjie te verbind.

*Hierdie aktiwiteitstappe fokus op die letter* ***b****, wat die fokus in Week 1 is.*

*Volg in Week 2 dieselfde stappe, maar fokus op die letter* ***r****.*

*Hier is ’n paar idees:*

- *Sê hierdie woorde uit die storie wat met die klank* ***/r/*** *begin: rond, rooi, reghoekig.*
- *Ander* ***/r/****-woorde: reg, raai, rympie, roes, ry, rem, reguit, renmotor.*
- *Wanneer jy die* ***r*** *met die kinders vorm, sê: “Begin by die kol en af, op en om.”*
- *Leer vir die kinders ’n aksie wat met die klank verband hou. Maak byvoorbeeld of jy ’n motor bestuur, en sê: “rrrrrrr.”*
- *As jy ’n alfabetkaart in die klas het, kan jy vir die kinders die letter* ***r*** *daarop wys. Verduidelik dat hierdie letter ook ’n naam het: ‘er’.*



# DINSDAG Vorm die letter (multisensoriese aktiwiteite)

**Letterklankkennis: Kinders leer om die fokusletters met verskillende materiale te vorm, wat aan hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied wat hulle help om die vorm van die letter te onthou.**

**STAPPE**

1 Begin deur vir die kinders te wys hoe om die fokusletter te skryf. Vra of hulle woorde kan onthou wat met die fokusletter begin. Onthou om die klank te sê wat die letter maak (/**b**/), en nie die naam van die letter ('bee') nie.

2 Wys vir die kinders hoe om die letter te vorm. Skryf 'n groot letter op die bord of in die lug. Sê die volgende terwyl jy vir die kinders wys hoe om die letter **b** in Week 1 te vorm: "*Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om.*" Sê in Week 2 die volgende terwyl jy die kinders wys hoe om die letter **r** te vorm: "*Begin by die kol en af, op en om.*"

3 Laat die kinders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen.

4 Nadat jy hulle gewys het hoe om die letter te skryf, kan jy uit die volgende aktiwiteite kies om die kinders die ervaring te bied om hierdie letters te vorm deur groot bewegings en soveel sintuie as moontlik te gebruik.

*In Week 1 is die fokusletter **b**.*

*In Week 2 is die fokusletter **r**.*



### *Bordkrytletters*

**JY BENODIG**

Groot stukke bordkryt

**STAPPE**

1 Gaan buitentoe en gee vir elke kind 'n groot stuk bordkryt.

2 Vra die kinders om 'n letter met die kryt op die bakstene/muur/plaveisel te skryf.

3 Moedig die kinders aan om die klank wat die letter maak hardop te sê terwyl hulle die letter skryf.



## *Waterletters*

**JY BENODIG**
Water; verfkwaste

**STAPPE**

1 Gaan buitentoe en gee vir elke kind 'n houer met water en 'n verfkwas.
2 Vra die kinders om 'n letter baie keer met water op die bakstene/muur/plaveisel te verf.
3 Moedig die kinders aan om die klank wat die letter maak hardop te sê terwyl hulle die letter verf.

*Formele handskrif-oefening is deel van die Graad 1-kurrikulum; dit is nie geskik vir Graad R-leerders nie. Dit is egter belangrik dat kinders leer hoe om letters korrek te vorm. Jy kan dit op 'n ontspanne en prettige wyse vir die kinders leer deur hierdie kreatiewe, multisensoriese aktiwiteite te gebruik en die kinders aan te moedig om die letters so groot as wat hulle kan, te skryf.*



## *Sandletters*

**JY BENODIG**
Sandbakke of 'n sanderige area buite

**STAPPE**

1 Verdeel die kinders in klein groepies en gee vir elke groep 'n sandbak. Jy kan die kinders ook buitentoe na 'n sanderige area neem.
2 Vra die kinders om 'n letter met hulle vinger of 'n stokkie in die sand te skryf.
3 Moedig die kinders aan om die klank wat die letter maak hardop te sê terwyl hulle die letter skryf.



## *Speeldeegletters*

**JY BENODIG**
Speeldeeg (resep op bladsy 50); speeldeegmatte

**STAPPE**

1. Gee vir elke kind 'n balletjie speeldeeg. Vra die kinders om die speeldeeg in lang worsvorms te rol.
2. Plaas fotokopieë van die lettertemplate in 'n plastiekomslag. Wys vir die kinders hoe om met behulp van die lettertemplaat as gids 'n letter met die speeldeeg te vorm.
3. Moedig hulle aan om hulle eie letter te maak en dan hulle vinger oor die speeldeegletter te trek terwyl hulle die klank wat die letter maak, sê.







## *Witbordletters*

**JY BENODIG**
Witborde; merkpenne; stukke lap

**STAPPE**

1. Gee vir elke kind 'n witbord en laat hulle die letter skryf terwyl hulle die klank wat die letter maak, sê.
2. Die kinders kan dit talle kere herhaal. Moedig hulle aan die begin van die aktiwiteit aan om letters te skryf wat die hele bladsy volmaak. Wanneer hulle dit met selfvertroue kan doen, kan hulle probeer om kleiner letters te skryf.

*Vra die kinders om by die huis voorwerpe en prente bymekaar te maak wat met die klank **/b/** begin. Stel eers elke voorwerp aan die klas bekend en laat die kinders daaraan raak, dit benoem en daaroor gesels voordat jy dit in die letterhouer sit.*



LETTERS EN KLANKE

# WOENSDAG Letterhouers

**Letterklankkennis: Kinders ontwikkel hulle kennis van die fokusletters deur dit te koppel aan die beginklanke van die name van voorwerpe.**

**JY BENODIG**

Klein spieël; twee letterhouers (sien bladsy 17) met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met die volgende letters begin:
*Week 1* **b**: boek; bal; beker; blom; by; been; bok; ballon; blaar; blokkie; boom; boontjie; bottel; blikkie; bus
*Week 2* **r**: radio; ring; roomys; rot; rok; rekkie; rug; renmotor; renoster

## STAPPE

***Benoem voorwerpe***

1 Vra die kinders om op die mat te sit. Laat hulle die voorwerpe of prente van voorwerpe vashou en vir mekaar aangee.
2 Vra hulle wat die name van die voorwerpe in Afrikaans is. As daar kinders is wie se huistaal nie Afrikaans is nie, vra hulle wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Herhaal die woord dan in Afrikaans.
3 Vra vrae oor die voorwerpe: "*Het julle al een hiervan gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?*"

***Luister vir beginklanke***

1 Hersien die name van die voorwerpe terwyl jy die beginklank benadruk, bv. b-b-besie, b-b-borsel, b-b-bottel.
2 Sê vir die kinders: "*Luister na die woord: b-b-bottel. Kan julle hoor met watter klank 'bottel' begin? Hoe klink die eerste klank van die woord?*"
3 Moedig die kinders aan om die beginklank te beklemtoon as hulle 'n woord sê. Laat hulle in 'n spieël kyk hoe hulle monde beweeg as hulle die klank sê.

***Verbind die klank met die letter***

1 Sodra die kinders die nuwe klank geoefen het, wys na die letter op die letterhouer en sê: "*Hierdie letter is hoe ons **/b/** skryf.*" Laat die kinders met hulle vinger die letter op die deksel natrek.
2 Wys die kinders hoe om die letter met hulle vinger in die lug, op hulle hande of op 'n kind se rug te 'skryf'. Die kinders kan ook letters met hulle lywe probeer vorm (party letters werk beter as ander!).

# DONDERDAG Luister vir begin- en eindklanke

**Fonologiese bewustheid: Kinders leer om begin- en eindklanke in woorde te hoor en te identifiseer.**



*Begin vandag se luisteraktiwiteite deur te sê: "Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons mooi na die klanke om ons luister."*

## *Ek sien met my klein ogie … iets uit die storie*

**JY BENODIG**
Papierpoppe van die storie of voorwerpe of prente van die dinge uit die storie wat uitgestal word waar die kinders dit duidelik kan sien

**STAPPE**

1 Vra die kinders om op die mat te sit en mooi na jou te luister. Vertel vir hulle dat julle **Ek sien met my klein ogie** gaan speel met voorwerpe uit die storie van ***Ali en die verf***. Laat hulle na die papierpoppe, voorwerpe en prente wat jy uitgestal het, kyk.

2 Kies iets uit die storie sonder om vir die kinders te sê waaraan jy dink. Gee dan, baie duidelik, vir die kinders die eerste klank van die woord as 'n leidraad, bv.: As jy aan 'bal' dink, sê: "*Ek sien met my klein ogie … iets wat begin met 'n* **/b/**."

3 Die kinders moet in die uitstallling soek na dinge wat met daardie klank begin. As hulle 'bal' reg raai, is dit hulle beurt om iets te soek en te sê: "*Ek sien met my klein ogie …*"

***Ek sien met my klein ogie*** *is 'n uitstekende speletjie om kinders te help om op beginklanke in woorde te fokus. Onthou om die beginklank te sê, en nie die naam van die letter nie. Vir 'tafel' sê jy byvoorbeeld die klank* ***/t/*** *en nie die naam* ***t*** *('tee') nie*



LETTERS EN KLANKE

# VRYDAG

# Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**Fonologiese bewustheid: Kinders leer om lettergrepe saam te smelt om woorde te vorm en om woorde in lettergrepe te verdeel.**

**JY BENODIG**
Meerlettergrepige woorde wat verband hou met die storie: winkel; geskenk; liefde; pakkie; reghoekig; prentjie; hande; verfkwas; tafel; glimlag

## *Paddaspring (meerlettergrepige woorde)*

**STAPPE**

1 Vra die kinders om op die mat te sit en kies een kind om die ‘padda’ te wees.
2 Sê een van die woorde uit die lys en sê vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel. Vir reghoekig, sê byvoorbeeld duidelik **reg | hoe | kig**.
3 Vra die ‘padda’ om op elke lettergreep te spring: **reg** (een sprong) **hoe** (een sprong) **kig** (een sprong).
4 Vra die kinders om die lettergrepe bymekaar te sit om ’n woord te sê: **reg | hoe | kig = reghoekig**.
5 Vra die ‘padda’ om weer te spring. Hierdie keer moet die kinders klap elke keer as die ‘padda’ spring. Die klas sê dan die woord saam.
6 Laat die kinders na al tien woorde uit die lys hier bo luister en dit in lettergrepe verdeel. Die ‘padda’ moet op die lettergrepe spring terwyl die klas klap.

*Om veeltaligheid aan te moedig en kinders se huistale te ondersteun, kan jy hierdie aktiwiteit met ’n paar van hierdie meerlettergrepige woorde probeer. Vra die kinders om met die uitspraak te help, indien nodig.*

***IsiXhosa**: isitulo* (stoel); *itafile* (tafel); *ipeyinti* (verf); *ibhola* (bal); *impumlo* (neus); *ibhokisi* (boks); *isipho* (geskenk); *hleka* (lag); *qhwaba* (klap); *hlamba* (was)

***Engels**: rectangle* (reghoek); *table* (tafel); *paintbrush* (verfkwas); *present* (geskenk); *stomach* (maag); *cupboard* (kas); *paper* (papier); *yellow* (geel); *purple* (pers); *orange* (oranje)

*As die kinders in jou klas enige ander tale praat, kan jy hulle vra om ’n meerlettergrepige woord uit die storie in hulle eie taal vir die klas te sê.*



# Inleiding tot storiegebaseerde aktiwiteite

## *Beweeg van mondelinge na geskrewe taal*

### *Storievertelling (Maandag, Week 1)*

Stellar is 'n storiegebaseerde program wat kinders op 'n reis van gesproke na geskrewe taal neem. Die kinders se eerste ontmoeting met die storie is wanneer die onderwyser dit vir hulle vertel, met die gebruik van poppe om die karakters meer werklik te maak. Alhoewel jy die gedrukte weergawe van die storie sal hê, moet jy verstaan dat dit 'n teks is om jou te lei, eerder as een wat vir die kinders voorgelees moet word. Dit is belangrik dat jy direk met die kinders moet praat wanneer jy vir hulle die storie vertel, eerder as om op die gedrukte woorde te fokus.

Ons weet dat kinders daarvan hou om stories meer as een keer te hoor, en dat herhaling van die storie hulle help om die taal van die storie hul eie te maak. Ons wil hê die kinders moet die taal van die storie op verskillende maniere ervaar. Elke aktiwiteit hier is ontwerp om 'n liefde vir stories en die selfvertroue om die storietaal te gebruik, te ontwikkel.

### *Sang en rolspel (Dinsdag en Woensdag, Week 1)*

Nadat hulle na die storie geluister het, sal die kinders 'n kans kry om 'n liedjie te sing wat met die storie verband hou. Liedjies is 'n wonderlike manier om taalvaardighede te ontwikkel en party kinders vind dit makliker om nuwe taal deur melodie, ritme en rym te onthou. Ná die sang neem die kinders aan 'n rolspel van die storie deel terwyl dit vertel word. Dit bied hulle 'n kans om op 'n aktiewe manier aan die vertel van die storie deel te neem en die woorde en frases van die verskillende karakters te gebruik. Dit verg ook dat hulle oor die storievolgorde nadink – wat volgende gaan gebeur.

### *Opeenvolging van die storie (Donderdag, Week 1; Maandag, Week 2)*

Nadat die kinders geluister het na die storie wat jy vertel het, en deelgeneem het aan die sang en rolspel verbonde aan die storie, kry hulle 'n geleentheid om goed oor die gebeure in die storie na te dink en dit in die korrekte volgorde te rangskik. Om 'n storie in die regte volgorde te kan vertel, is 'n baie belangrike vaardigheid, en soms sukkel jong kinders hiermee. Wanneer kinders verstaan dat stories uit opeenvolgende gebeure bestaan, kan hulle hul eie stories beplan om 'n begin, middel en einde te hê. Hulle leer om hulself af te vra, "Wat wil ek hê moet volgende gebeur?"

Jy sal eers die opeenvolging van die gebeure in die storie lei terwyl jy die kinders se gesprekke rig oor hoe die storie begin het en wat volgende gebeur. Aanvanklik gaan jy met groot, kleurvolle prente met die hele klas werk. Later word die kinders aangemoedig om die gebeure meer onafhanklik in die regte volgorde te plaas. Dit bied 'n nuttige assesseringsgeleentheid.

### *Skryfwerk geïnspireer deur die storie (Vrydag, Week 1)*

Om voort te bou op die mondelinge vertelling van die storie, die sang, rolspel en opeenvolging van gebeure, kry die kinders nou kans om hulle idees rakende iets in die storie te bespreek, en dan te sien hoe hierdie idees neergeskryf kan word. Hierdie aktiwiteit begin met ryk besprekings en die deel van idees, met bydraes deur soveel kinders as moontlik. Wanneer jy vir hulle die skryfproses wys deur die kinders se woorde en idees te gebruik, sien hulle dat wat ons sê, neergeskryf kan word. Dit sal hulle die selfvertroue gee om self te begin skryf – al begin hulle met 'n gekrabbel en opgemaakte letters!

### *Gedeelde lees (Vrydag, Week 1; Dinsdag, Week 2)*

Gedeelde skryf bied 'n ideale teks vir gedeelde lees, aangesien die teks idees en woorde bevat waarmee die kinders vertroud is. Dit is belangrik om tyd in te ruim om deur die teks wat julle saam geskryf het te lees, terwyl jy na elke woord wys terwyl jy lees, sodat die kinders kan begin oplet hoe ons spraak uit verskillende woorde, met spasies tussen elke woord, bestaan.

Buiten die lees van die teks wat hulle saam met jou geskryf het, sal die kinders nog 'n geleentheid kry om te sien hoe lees werk wanneer jy die Groot Boek in die tweede week lees. Hier sal hulle dieselfde, bekende storie teëkom, maar in gedrukte vorm. Wanneer jy die Groot Boek vir hulle lees, sal hulle sien hoe woorde op 'n bladsy verband hou met die woorde wat jy sê. Die storie in die Groot Boek is 'n vereenvoudigde weergawe, sodat die kinders die vrymoedigheid het om dit self te probeer 'lees'. Dit laat hulle verstaan hoe dit voel om 'n leser te wees – selfs al sê hulle net die woorde in die boek uit hul kop op.

### *Lees en doen (Woensdag, Week 2)*

Alhoewel gedeelde leesaktiwiteite deur die onderwyser gelei word, sal die kinders voordeel daaruit trek om te probeer om die teks self te 'lees' en sin daarvan te probeer maak. Die *Lees en doen*-aktiwiteit gee die kinders kans om prente en simbole te lees en te volg wat die simbole vir hulle sê om te doen. Dit bied nog 'n assesseringsgeleentheid.

### *Luister (Vrydag, Week 2)*

Die tweeweek-siklus van storiegebaseerde aktiwiteite eindig met 'n luisteraktiwiteit vir die hele klas om die ontwikkeling van kinders se vermoë om aandag te gee, instruksies uit te voer en te verstaan wat hulle hoor, te versterk.

## *Gebruik storiegebaseerde aktiwiteite om woordeskat uit te brei*

Party onderwysers was aanvanklik bekommerd dat die kinders verveeld sal raak as die aktiwiteite vir twee weke op een storie gegrond is. Onderwysers het egter herhaaldelik verwys na die voordeel daaraan verbonde om soveel maniere te hê waarop kinders met nuwe taal te make kry. Ons weet dat om nuwe woordeskat te kan leer en dit hulle eie te kan maak, moet kinders woorde gereeld en in verskillende kontekste hoor en gebruik. Kinders verstaan dikwels woorde voordat hulle die selfvertroue het om dit te gebruik; dus is dit belangrik dat ons nie aanbeweeg na 'n ander tema of storie voordat hulle die kans gehad het om diepgaande en blywende kennis van nuwe woorde op te doen nie.

Alhoewel die kinders nuwe taal en woordbetekenisse deur al die aktiwiteite in die Stellar-program sal leer, het ons nuwe woorde uit elke storie gekies waarop jy kan fokus. Dit word op die laaste bladsy van die storie-afdeling onder die opskrif Woordelys gelys. Die lys sluit 'n kombinasie van algemene, alledaagse woorde en moeiliker woorde in. As onderwyser, ken jy die kinders die beste, en kan jy kies om op woorde te fokus wat geskik is vir die kinders in jou klas. Wees veral bedag op wat nuttig sal wees vir kinders wat in 'n tweede taal leer, en onthou om meer uitdagings te bied aan kinders wie se basiese woordeskat sterk is.

Wanneer jy met die kinders deur die aktiwiteite werk, moet jy onthou om hulle aandag te vestig op die woorde wat jy bekendgestel het. Vra hulle wat hulle van hierdie woorde weet, en hoe 'n mens 'n spesifieke woord in hulle eie taal sê. Bou op kinders se natuurlike nuuskierigheid deur 'n belangstelling in woordbetekenisse in jou klas aan te moedig. Dit is een van die belangrikste boustene vir begrip.

# MAANDAG Storievertelling en woordeskatbou

**Kinders hoor die *Ali en die verf*-storie, terwyl hulle nuwe woordeskat aanleer.**

**JY BENODIG**

- Papierpoppe en rekwisiete: Musa; Ali; mev. Ibrahim; vier potjies verf; ’n rooi bal of prent van ’n bal; ’n boks; ’n verfkwas
- Voorwerpe of prentkaarte vir ’n paar woorde uit die woordelys
- Storie, rympie en woordelys op bladsy 8 tot 11

**STAPPE**

***Voordat jy die storie vertel***

1 Sê die rympie ***Twee oë om te sien*** saam met die kinders op, om die klas te laat fokus op die storie wat jy gaan vertel.

2 Stel die storie bekend: “*Die titel van ons storie is **Ali en die verf**.*”

3 Lê ’n verband tussen die storie en die kinders se lewens: Gesels oor die kinders se gesinne en bespreek hoe oud hulle broers en susters is.

4 Stel die karakters bekend: “*Dit is Ma/mev. Ibrahim, Ali se ma; dit is Musa, Ali se broer; en dit is Ali.*” Vra vir die kinders om vir hulle goeiemôre te sê. Vra: “*Wie dink julle is die jongste? Hoekom dink julle so? Hoe oud is Musa en Ali?*” (Musa is 8 jaar oud en Ali is 3 jaar oud.)

*In hierdie storie is daar talle geleenthede om die betekenis van ‘posisiewoorde’ soos in, op, langs en bo te demonstreer. Gebruik die papierpoppe en rekwisiete terwyl jy die storie vertel om te wys wat hierdie woorde beteken. Vra later die kinders om instruksies te volg deur hierdie woorde te gebruik, bv.: “Ben, sal jy maak asof jy Ali is? Stoot die stoel tot langs die tafel. Klim nou op die stoel. Klim nou op die tafel”. Namate die kinders vertroud raak met die woordeskat in die storie, sal hulle met meer selfvertroue aan hierdie aktiwiteite deelneem.*



5 Stel twee of drie nuwe woorde uit die woordelys bekend: “*Voor ons begin, wil ek julle vertel wat ’n paar nuwe woorde uit die storie beteken.*”
- *Bespreek wat elke nuwe woord beteken deur eenvoudige taal te gebruik.*
- *Wys, waar moontlik, vir die kinders ’n voorwerp of prent wat die woord se betekenis illustreer.*
- *Vra kinders wat ’n ander huistaal het, om die woord in hulle eie taal te sê.*

### *Terwyl jy die storie vertel*

1 Vertel die storie op 'n lewendige wyse om die kinders se aandag te behou. Gebruik gebare en rekwisiete en vertel die storie in verskillende stemtone.
2 Vra die kinders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, bv.: "*Ek wonder wat Ali se ma gaan doen wanneer sy sien wat hy gedoen het?*"
3 Beklemtoon nuwe woordeskat. Gee kort verklarings as jy dink dit sal die kinders help om die storie te verstaan. Vra of enigiemand die betekenis van 'n nuwe woord kan onthou.

### *Nadat jy die storie vertel het*

1 Vra vrae om die kinders se begrip te kontroleer en vas te lê, bv.: "*Wat het Ali gedoen toe Musa buite gaan speel het?*" Prys en brei uit op selfs die eenvoudigste antwoorde, bv.: "*Ja, dis reg. Ali wou sien wat in die reghoekige boks is. Hy het op die stoel geklim en toe op die tafel geklim om by die verf uit te kom.*"
2 Vra oop vrae om 'n bespreking te stimuleer: "*Het jy al ooit so iets ondeund soos Ali gedoen? Wat het jy gedoen? Wat het jou ma gedoen?*"
3 Lê nuwe woordeskat uit die storie vas deur vrae oor 'n woord te vra, bv.: "*Wat is 'n …? Kan jy vir my 'n … wys? Waarvoor word 'n … gebruik?*"
4 Praat oor die kategorie waaraan die woord behoort, bv. 'kleurwoorde' of 'posisiewoorde'.

*Kinders leer taalvaardighede en woordeskat uit stories, selfs al is hulle nie vlot in daardie taal nie. Dit is belangrik dat alle kinders trots op hulle taal en agtergrond voel terwyl hulle aangemoedig word om die taal van onderrig aan te leer.*





WEEK 1 STORIEGEBASEERD

# DINSDAG Storievertelling en sang

**Kinders leer die taal van die storie deur weer daarna te luister en 'n liedjie wat verband hou met die storie te sing.**

**JY BENODIG**

Woorde en musiek vir die liedjie ***Ali verf die appel*** op bladsy 11



*Moenie vergeet om elke dag die liedjie te sing en die aksies uit te voer nie! Laat die kinders die liedjie op verskillende tye van die dag sing, soos wanneer hulle op die mat wag of ná pouse in 'n ry staan.*

*Liedjies skep geleenthede om nuwe woordeskat en taal op 'n prettige, interaktiewe manier te versterk.*

**STAPPE**

1. Vertel die storie weer en gebruik die papierpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die kinders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
2. Sing die liedjie vir die kinders.
3. Leer vir hulle die liedjie stukkie vir stukkie aan – dit sal vir hulle moeilik wees om al die woorde op een slag te onthou.
4. Leer vir die kinders die aksies van die liedjie.



# WOENSDAG Storievertelling en rolspel

**Kinders speel verskillende rolle en gebruik self die storietaal terwyl die storie vertel word.**

**JY BENODIG**
Papierpoppe; potjies met verskillende kleure verf; ’n verfkwas; ’n boks; ’n bal; ’n tafel; ’n stoel

**STAPPE**

1 Sing ***Ali verf die appel***.
2 Kies drie kinders om die rolle van die karakters in die storie te speel (Ali; Musa; mev. Ibrahim).
3 Praat oor elke karakter in die storie. Sê vir die kinders wie se rol hulle in die storie gaan speel.
4 Bespreek die rekwisiete wat vir die storievertelling gebruik gaan word.
5 Verduidelik vir die kinders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die kinders wat die rolle vertolk, gaan alles wat jy sê, uitbeeld. Help hulle om te beplan waar hulle gaan staan.
6 Begin die storie as volg: “*Eendag het mnr. en mev. Ibrahim ’n winkel gehad. Hulle het elke dag in die winkel gewerk. Eendag kom mev. Ibrahim van die werk af huis toe met twee geskenke – een vir Musa en een vir Ali.*” Die kind wat die rol van mev. Ibrahim vertolk, maak of sy geskenke vir Musa en Ali gee.
7 Gaan voort om die storie op hierdie manier te vertel; die kinders speel toneel volgens jou woorde: “*Ali skuif die stoel tot langs die tafel.*” Ali maak asof hy die stoel skuif.
8 Die res van die klas kyk na die rolspel.
9 As daar tyd is, kan jy die rolspel met ander kinders herhaal.

*Hoe meer die kinders die storietaal hoor, hoe meer selfvertroue sal hulle kry om nuwe woordeskat en frases te gebruik. Die kinders sal ook hierdie nuwe taal in hulle eie spraak kan gebruik terwyl hulle die storie vertolk. Hulle sal dit later in ander situasies gebruik.*



WEEK 1 STORIEGEBASEERD

# DONDERDAG Opeenvolgende prente

**Kinders leer dat stories uit 'n opeenvolging van gebeure bestaan deur die storie met prente oor te vertel.**

**JY BENODIG**
Groot opeenvolgende prente in die storiepak 

**STAPPE**

1 Sing ***Ali verf die appel***.
2 Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit omhoog.
3 Vra die kinders wat hulle sien en bespreek die prent uitvoerig.
4 Plaas elke prent op die bord nadat jy dit bespreek het sodat die kinders dit kan sien. Maak seker dat die prente op hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5 Nadat jy oor al die prente gepraat het, kan jy die kinders vra: "*Is die prente in die regte volgorde?*"
6 Vra die kinders om die prent vir die begin van die storie uit te wys.
7 Herrangskik saam die prente in die regte volgorde sodat die storie sin maak.
8 Hou die kinders aktief betrokke by hierdie proses. Vra vrae soos: "*Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?*"

*Hier is nuttige vrae wat jy oor elke prent kan vra:*

- "***Wie** kan julle sien?*" (karakters)
- "***Wat doen** hy/sy?*" (werkwoorde en aksies)
- "***Wat** anders kan julle nog sien?*" (kyk weer)
- "***Waar** is die ...?*" (noem plekke/posisie)
- "***Hoekom** dink julle ...?*" (kreatiewe denke, gee menings)



9 Wanneer die prente in die korrekte volgorde is, kan jy 'n paar kinders vra om die storie in die regte volgorde oor te vertel.
10 As jy ekstra tyd het, kan jy die volgorde weer deurmekaar maak en die aktiwiteit herhaal.

WEEK 1 STORIEGEBASEERD

# VRYDAG Interaktiewe skryf en lees

**Kinders leer hoe hulle woorde en idees opgeteken kan word terwyl jy hulle wys hoe om geskenkkaartjies te skryf.**

**JY BENODIG**
'n A4-afskrif van die aktiwiteitsblad per kind (bladsy 54); kleurpotlode/-kryte; skêre; een boks toegedraai in geskenkpapier met 'n geskrewe naamkaartjie daaraan geheg; een boks toegedraai in geskenkpapier sonder 'n kaartjie; een blanko geskenkkaartjie

**STAPPE**

1 Gebruik die papierpoppe om die storie weer te vertel.
2 Wys die 'geskenk' met die geskrewe kaartjie daaraan vasgeheg. Lees die woorde op die kaartjie: "*Aan Ali, Met liefde van Mamma en Pappa.*" Vra die kinders om te dink hoekom ons geskenkkaartjies saam met geskenke gee.
3 Wys die 'geskenk' sonder die kaartjie. Vra die kinders wie se geskenk dit is. Ons dink dit is Musa s'n, maar ons weet nie omdat daar nie 'n kaartjie aan die geskenk is nie.
4 Vra die kinders om te help dink aan woorde vir die geskenkkaartjie. (Gebruik 'n skoon kommersiële geskenkkaartjie of maak 'n kaartjie.) Praat oor hoe ons 'n kaartjie begin skryf en hoe ons dit afsluit. Dink hardop terwyl jy die kinders se idees op die kaartjie skryf.

*Party kinders sal vir die eerste keer in Graad R 'n tekenaktiwiteit doen. Kinders vir wie teken dalk 'n baie uitdagende taak is, benodig baie aanmoediging om vertroue in hulle tekenvermoë te kry. Moet hulle nooit kritiseer nie – prys altyd die kinders se pogings.*



5 Gee vir elkeen 'n aktiwiteitsblad en wys hoe hulle die bladsy op die stippellyn moet vou. Vra die kinders om hulle te verbeel dit is 'n geskenk vir hulle. Wys vir hulle die toedraaipapier en die naamkaartjie. Gesels oor 'n paar idees. Laat hulle 'n tydjie nadink oor 'n geskenk wat hulle graag sal wil hê.
6 Vra die kinders om hulle geskenk op die skoon kant van die papier te teken.
7 Laat die kinders die geskenkpapier inkleur terwyl jy rondstap. Vra vir elke kind van wie hulle die geskenk gekry het en skryf dit op die naamkaartjie, bv.: "*Aan Lisa, Met liefde van Mamma.*"
8 Verdeel dan die kinders in pare. Laat hulle mekaar van hulle geskenke vertel en dit vir mekaar wys.

WEEK 2 STORIEGEBASEERD

# MAANDAG Nog opeenvolgende prente

**Kinders lê hulle eie storiekennis vas deur prente meer onafhanklik in die regte volgorde te plaas.**

**JY BENODIG**

- Opeenvolgende prente in die storiepak
- ’n Swart-wit fotokopie van klein opeenvolgende prente (bladsy 55) vir elke kind; ekstra wit papier vir elke kind; skêre; gom
- Gefotokopieerde en gevoude boekie vir elke kind (bladsy 51).
- Berei die tafels vooraf voor met ’n stel swart-wit prente vir elke kind en genoeg skêre en gom vir almal.

## STAPPE

*Op die mat*

1. Begin deur die kinders op die mat te laat sit. Kies kinders om voor in die klas te staan. Elkeen hou een van die gekleurde opeenvolgende prente vas. Maak seker dat die prente nie in die regte volgorde is nie.
2. Vra die kinders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om die prent uit te wys wat aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk as ’n groep saam en verskuif die kinders wat die prente vashou totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: “*Wat het volgende gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?*”
4. Nadat julle die gekleurde prente gebruik het om die storie in die regte volgorde te rangskik, beweeg die kinders na hulle tafels en sit in klein groepies.



***By hulle tafels***

1. Vra die kinders om die swart-wit prente uit te knip, dit in die regte volgorde te rangskik en dan op ’n skoon vel papier te plak. Stap in die klas rond en help waar nodig. Hierdie aktiwiteit is nuttig om die kinders se vermoë om die hoofgebeure van die storie in die regte volgorde te plaas, te assesseer.
2. Nadat die kinders hulle opeenvolgende prente voltooi het, gee jy vir elke kind ’n boekie. Moedig hulle aan om na die omslag te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
3. Neem die kinders op ’n ‘prentwandeling’ deur die boekie en help hulle om raak te sien dat die prente in die boekie dieselfde as die opeenvolgende prente is.
4. As daar tyd is, kan kinders hulle boekie vir ’n maat in die klas ‘lees’.
5. Moedig die kinders aan om die boekies huis toe te neem en dit saam met hulle gesin te lees.



*Kinders sal hulle woordeskat uitbrei deur nuwe woorde te sê en te hoor. Deur hierdie boekie by die huis te lees, sal die kinders baie geleenthede kry om die nuwe woorde wat hulle uit die storie geleer het hardop te sê.*





WEEK 2 STORIEGEBASEERD

# DINSDAG Interaktiewe lees: Groot Boek

**Kinders leer van die lees van 'n bekende storie in gedrukte vorm terwyl jy die leesproses vir hulle wys.**

**JY BENODIG**
***Ali en die verf*** Groot Boek

**STAPPE**

1 Sê die rympie ***Twee oë om te sien*** saam met die kinders op, om die klas te laat fokus op die storie wat jy gaan vertel.
2 Moedig die kinders aan om na die omslagprent te kyk en te praat oor wat hulle sien en herken.
3 Lees die titel van die storie aan die klas voor. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die kinders om saam met jou te lees.
4 Neem die kinders op 'n 'prentwandeling' deur die boek. Bespreek die prente en laat kinders toe om vrae te vra.
5 Laat die kinders toe om oor die storie te praat en verbande te lê met die taal en ervarings van die vorige week.
6 Wys na die bladsynommers terwyl jy deurblaai en praat oor watter nommer volgende gaan kom.
7 Nadat jy deur die hele boek 'gewandel' het, kan jy na die begin teruggaan en weer die titel lees.
8 Blaai om en lees elke sin in 'n duidelike, gewone, natuurlike stemtoon.

*Lees die storie op jou tyd. Hou elke nou en dan op lees en gee die kinders kans om die prente en woorde te bespreek terwyl jy lees.*

*Kinders kan reeds lank voordat hulle onafhanklik kan lees aan die leesproses deelneem. Elke keer wat 'n volwassene 'n boek saam met hulle lees, 'lees' hulle die prent, hulle hoor dieselfde of soortgelyke woorde in dieselfde volgorde en begin 'n idee kry van wat dit beteken om 'n leser te wees.*



9 Wys na elke woord terwyl jy lees.
10 Wys na enige letters wat die kinders dalk ken en lê klem op die fokusletters vir hierdie storie.
11 Lees die boek weer en moedig die kinders aan om saam met jou te 'lees'.

WEEK 2 STORIEGEBASEERD

# WOENSDAG Lees en doen

**Kinders leer om geskrewe en prentleidrade te vertolk en instruksies uit te voer. Vandag gaan die kinders 'n eenvoudige leesaktiwiteit doen waarin hulle die name van vier kleure gaan 'lees' en 'n prent vir elke kleur gaan vind.**

**JY BENODIG**
Vier groot stukke wit karton of papier (gemerk 'rooi', 'blou', 'groen' en 'geel'); skryf hierdie woorde op die ooreenstemmende kleurkaarte; 'n prent van 'n voorwerp van daardie kleur op elke stuk karton; tydskrifte; skêre en gom

*Aan die einde van die aktiwiteit sal jy vier helder plakkate hê van die verskillende kleure. Dit is waardevol vir kinders om te sien dat hulle werk met trots vertoon word, want dit gee hulle 'n sin van eienaarskap in die leeromgewing.*



**STAPPE**

1. Wys vir die kinders die vier borde en vra hulle om die kleurwoord op elke bord te 'lees'. Bring dit in verband met die verfkleure in die storie. Vra vir die kinders watter kleur word nie in die storie genoem nie.
2. Praat oor die voorbeeldprente en hoe dit by die kleur pas.
3. Verduidelik dat elke kind een kleurprent moet vind om op elke kleurbord te plak.
4. Demonstreer hoe om deur die tydskrif te blaai om prente te soek wat by die vier kleure pas.
5. Verduidelik dat wanneer die kinders 'n prent gekry het wat by een van die kleure pas, hulle dit moet uitknip.
6. Wanneer hulle genoeg tyd gehad het, vra jy dat al die kinders met prente wat by die kleur rooi pas hulle hande opsteek. Vra 'n kind om hierdie prente in te samel en jou te help om hulle op die ooreenstemmende bord te plak. Praat oor die bord, noem die voorwerpe en prys die kinders. Sê iets soos: "*Kyk – 'n blink rooi motor! Wie het hierdie prent gevind? Mooi so, Sara!*"
7. Herhaal die proses met die ander kleure.

WEEK 2 STORIEGEBASEERD

# DONDERDAG Interaktiewe skryf en lees

**Kinders leer hoe hulle woorde en idees opgeteken kan word terwyl jy wys hoe 'n storie geskryf word.**

**JY BENODIG**
'n Vel papier; 'n dik swart merkpen

**STAPPE**

1 Begin deur oor Ali te gesels en hoe hy kattekwaad aangevang het met die verf. Vra dan wie in die klas kleiner kinders in hulle familie het. Vra die kinders om 'n storie te vertel oor kattekwaad wat hulle jonger broers, susters, nefies of niggies aangevang het. Hulle kan ook 'n storie vertel van toe hulle ondeund en stout was toe hulle jonger was. Dit sal dalk nodig wees om self 'n kort storie te vertel van 'n jong kind in jou familie wat iets snaaks gedoen het. Probeer stories vermy waarin kinders gevaarlike goed gedoen het of swaar gestraf is vir hulle ondeundheid.

2 Nadat 'n paar kinders stories vertel het, bespreek met die kinders watter van die stories jy as 'n klasstorie gaan neerskryf. Die kind wat die storie vertel het, kan die leiding neem, maar verwelkom ook bydraes van ander kinders. Begin deur die kinders te vra om aan 'n titel vir die storie te dink. Luister na 'n paar voorstelle en besluit dan saam wat jy gaan skryf. Sê elke woord terwyl jy skryf.

3 Sê dan: "*Kom ons begin met die karakters of die mense in die storie. Wat was hulle name? Wie kan onthou waar die storie gebeur het?*" Bespreek en kom ooreen voordat jy die kinders se woorde neerskryf. Jy kan begin met die woorde 'Eendag, lank gelede' of 'Eendag'.

4 Sê vir die kinders: "*Noudat ons die begin van ons storie geskryf het, wie kan onthou wat in die middel gebeur? Daar was 'n probleem, nie waar nie? Stories het dikwels 'n probleem in die middel – dit is wat die storie opwindend maak!*" Skryf hulle woorde neer, en lees dan weer die storie van die begin af.

5 Sê dan: "*Nou moet ons dink hoe die storie geëindig het – wie kan onthou hoe die probleem opgelos is?*" Skryf die kinders se woorde neer en sluit dan af met die woorde: 'Die einde'. Lees die storie weer van die begin af, en wys na elke woord terwyl jy lees.

6 As daar tyd is, kan 'n paar kinders die storie illustreer. Plak die storie teen die muur.

WEEK 2 STORIEGEBASEERD

# VRYDAG Luister en doen

**Kinders leer om goed te luister en verbale instruksies uit te voer.**



*Onthou om een instruksie op 'n slag te gee. Hou 'n matige pas vol, maar laat almal klaarmaak voordat jy die volgende instruksie gee.*

**JY BENODIG**
Per kind: 'n skoon vel papier, vier kleurvetkryte (rooi, groen, geel en blou)

**STAPPE**

1 Laat die kinders by die tafels sit en laat almal stil en rustig raak.
2 Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: "*Kom ons maak ons oë toe en wees vir 'n paar minute stil terwyl ons goed luister na die geluide om ons.*"
3 Hou elke vetkryt omhoog en sê die naam van die kleur. Vra die kinders om die bypassende vetkryt voor hulle op te tel. Praat met 'n duidelike, kalm stem.
4 Gee nou die instruksies stadig en duidelik:
   - *"Tel die rooi vetkryt op. Teken 'n rooi sirkel."*
   - *"Tel die groen vetkryt op. Teken 'n groen driehoek."*
   - *"Tel die geel vetkryt op. Teken 'n geel vierkant."*
   - *"Tel die blou vetkryt op. Teken 'n blou reghoek."*

*Hier is nog 'n luisteraktiwiteit. Kies 'n groep van vier kinders. Sê vir die kinders: "Luister mooi en volg hierdie instruksies:"*
*"Staan op; lig een been op; hop na die deur; sê boe!"*
*"Sit jou hande op jou heupe; draai om; knipoog vir jou maat; gaan sit."*



# Inleiding tot beurtgroep-aktiwiteite

Daar is vyf groepaktiwiteite vir elke storie. Hierdie aktiwiteite word in die tweede week herhaal, en 'n paar nuwe aktiwiteite word in Week 2 bygevoeg.

## *Help kinders om onafhanklik en in groepe te werk*

Gesels met die hele klas oor wat hulle in elke aktiwiteit gaan doen voordat hulle daarmee begin. Die kinders kan dalk aanvanklik sukkel om onafhanklik te werk en hulself te bestuur, maar namate hulle vertroud met mekaar, die klasreëls en die aktiwiteite raak, sal jy vind dat hulle minder leiding benodig.

### *Die belangrikheid van reëls*

Onderhandel oor 'n paar reëls. As jy hulle toelaat om 'n paar voorstelle vir beurtgroep-aktiwiteite te maak, sal dit hulle help om trots te wees op die reëls. Maak seker dat die reëls duidelik vertoon word met tekeninge langs die geskrewe woorde in om die kinders te help onthou.

Hier is 'n paar voorstelle:

**Reëls vir die fantasiehoekie**

- Deel met mekaar en neem beurte.
- Moenie mekaar stamp of trek nie.
- Sorg dat jou hande skoon is.
- Pas die klere, voorwerpe en boeke goed op.
- Moenie mekaar se gevoelens seer maak nie.
- Praat sag.
- Ruim op nadat julle gespeel het.

## *Wissel die aktiwiteite af*

Die kinders sal elke dag 'n ander aktiwiteit doen, en sal dus teen die einde van die week al vyf aktiwiteite gedoen het. Beplan deeglik en berei alles voor die tyd voor.

Jy kan dalk besluit om die jaar te begin deur al die kinders dieselfde aktiwiteit op een dag te laat doen, en dan 'n ander aktiwiteit die volgende dag. Dit sal jou daaglikse voorbereiding verminder en jou in staat stel om vir al die kinders terselfdertyd instruksies te gee.

Sodra jy egter voel jou klas is gereed, raai ons jou aan om die groepe tussen aktiwiteite af te wissel, met elke groep wat 'n ander aktiwiteit op 'n dag doen.

Ons tweeweek-beplanner (bladsy 12) toon hoe elke groep al die aktiwiteite in 'n week doen.

*Die beurtgroep-aktiwiteite is ontwerp sodat vier van die groepe besig sal wees met aktiwiteite wat minder onderwyserleiding verg, sodat jy op die groep kan fokus wat Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding) doen. Dit sal beteken dat jy in 'n week op 'n betekenisvolle wyse met elke groep kan werk, wat jou die geleentheid sal gee om 'n band met die kinders te vorm en hulle individuele vordering te assesseer.*



## Oorsig van die aktiwiteite

### *Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding)*

Fokus jou tyd op die groep wat hierdie aktiwiteit doen – hulle benodig moontlik die meeste hulp. Jy sal dalk die kinders moet help besluit wat om te teken, en hulle aanspoor sonder om vir hulle te sê hoe om te teken! Gesels oor hul sketse en moedig hulle aan om iets te 'skryf' of om te sê wat jy namens hulle moet skryf.

Gee erkenning aan die kinders se pogings deur hulle prente op hulle oogvlak in die klaskamer op te plak. Moenie net die gevorderde werk vertoon nie. Dit is belangrik om die hele jaar lank erkenning aan elke kind se werk te gee. Nadat al die kinders hierdie aktiwiteit gedoen het, kan jy al die tekeninge saambind om 'n klasboek te maak wat die kinders kan 'lees'.

### *Kreatiewe spel*

Die groep wat hierdie aktiwiteit doen, sal *Kuns en handwerk* in Week 1 en *Fantasiespel* in Week 2 doen.

### *Kuns en handwerk*

Moedig die kinders aan om met mekaar te gesels oor wat hulle maak en hoe dit met die storie verband hou. Gee die kinders vryheid met 'n verskeidenheid materiale, of struktureer die aktiwiteit deur spesifieke materiale te verskaf.

### *Fantasiespel*

Fantasiespel kan raserig wees, maar onthou dat wanneer kinders op hierdie manier speel, hulle oor rolle moet onderhandel en moet verduidelik wat hulle doen. Hulle leer ook van voorstelling – dat een ding 'n ander ding kan voorstel. Dit sal hulle help om te verstaan dat die skryfwerk op papier die woorde voorstel wat ons praat.

Party kinders kan dalk sukkel om met ander oor rolle en die volgorde van gebeure terwyl hulle speel, te onderhandel. Probeer om tyd met hulle deur te bring en hul spel te lei en aktief te werk met kinders wat te skaam is om saam te speel.

### *Letterlegkaarte en -speletjies*

Stel die legkaarte en speletjies voor die les op. Bêre alles wat jy vir elke aktiwiteit benodig in gemerkte sakke of houers.

Die kinders kan dalk aan die begin van die jaar sukkel om die speletjies onafhanklik te speel. Jy kan dalk een speletjie saam met die hele klas speel voordat jy dit as 'n kleingroep-beurtaktiwiteit opstel. Jy kan dalk 'n paar ouers nooi om jou met die groepspelaktiwiteit te kom help.

### *Oefen die letter*

Kinders moet gereeld oefen om vertroud te kan raak met die letters van die alfabet. Hierdie aktiwiteit gee die kinders die nodige oefening om letters korrek te vorm en 'n letter te koppel aan die klank wat dit maak en aan voorwerpe wat met daardie klank begin. Begin deur een aktiwiteit vir die groep op te stel. Namate die jaar vorder, kan jy meer as een aktiwiteit opstel.

### *Onafhanklike lees*

Kies verskillende storieboeke, prenteboeke, winkelbrosjures, tydskrifte, prentwoordeboeke, atlasse, niefiksie- en resepteboeke vir die kinders om te 'lees'. Sluit leesmateriaal in wat die tale en kulture in jou klas weerspieël. Probeer inhoud insluit wat met die tema van die storie verband hou. Sluit afskrifte van die Groot Boek, klein boekies en opeenvolgende prente uit die storiepak in. As jy tydens beurtgroep-aktiwiteite tyd met hierdie groep kan deurbring, kan jy dalk langs 'n kind gaan sit en sê, "Dit lyk na 'n pragtige boek. Kan jy vir my 'n stukkie daaruit lees?"

BEURTGROEPE

# AKTIWITEIT Teken en ontluikende skryf (onderwyserleiding)

**Kinders leer om hulle idees deur teken en ontluikende skryfwerk op te teken, terwyl jy neerskryf wat hulle van hulle tekeninge sê.**

**JY BENODIG**
'n Skoon A4-bladsy vir elke kind; vetkryte

## *Week 1: My gunstelingdeel van die storie*

**STAPPE**

1 Skryf voor die les ***Ali en die verf*** boaan elke kind se skoon bladsy.

2 Vra die kinders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam lees.

3 Vra die kinders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle, bv.: "*Het julle gehou van die deel waar Ali op die tafel geklim het om by die verf uit te kom?*" Moedig die kinders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.

4 Lewer kommentaar of vra 'n vraag oor die tekening, soos: "*Hou so aan – jy doen baie goed*" of "*Kyk hoe klim die seuntjie op die stoel! Wat dink jy gaan volgende gebeur?*"

5 Vra die kinders of hulle iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet iets skryf. As hulle wil hê jy moet iets vir hulle skryf, kan jy hulle betrokke hou deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf.

6 Dink hardop terwyl jy die kind se sin skryf, bv.: "*Ali … klim … op … die … Watter woord wou jy volgende sê? Stoel. Ek gaan stoel skryf.*"

7 Skryf woord vir woord neer wat die kind vir jou sê, of vra die kind of hy of sy saamstem voordat jy enige veranderinge aan die bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.

8 Moedig die kind aan om die sin saam met jou te lees wanneer jy klaar geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

*Namate kinders die skryfproses begin verstaan, sal hulle meer gewillig wees om hulle eie idees neer te skryf. Dit is normaal dat hulle skryfwerk 'n gekrabbel, letters, getalle of vorms insluit. As kinders spontaan krabbel of probeer om te skryf, kan jy hulle vra wat hulle geskryf het en hulle pogings prys.*



## *Week 2: My eie idee*

**STAPPE**

1 Skryf voor die les ***'n Snaakse ding het met my gebeur*** boaan elke kind se skoon bladsy.

2 Vra die kinders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam lees.

3 Herinner die kinders dat Ali op die tafel geklim het en homself vol verskillende kleure geverf het. Vra die kinders: "*Het julle al ooit iets snaaks soos Ali gedoen? Wat het julle gedoen? Kan julle iets snaaks onthou wat 'n ander kind gedoen het?*" Vra die kinders om te teken wat hulle gedoen het of wat gebeur het.

4 Lewer kommentaar of vra 'n vraag oor die tekening, soos: "*Oe! Ek het 'n gat in my ma se gordyne geknip toe ek klein was!*" of "*Sjoe, dit lyk snaaks! Wat gebeur hier?*"

5 Vra die kinders of hulle iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet iets skryf. As hulle wil hê jy moet iets vir hulle skryf, kan jy hulle betrokke hou deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf.

6 Dink hardop terwyl jy die kind se sin skryf, bv.: "*Ek … knip prente uit 'n tydskrif … Ek het op my ma se bed gesit … en … het per ongeluk … haar kombers raakgeknip.*"

*Maak seker dat jy nie stories oor nare strawwe en gevolge aanmoedig nie; die tekening moet oor 'n gelukkige herinnering van 'n snaakse gebeurtenis wees.*

*Hier is nog 'n idee wat verband hou met die storie: Skryf* ***My droomgeskenk*** *op die kinders se bladsye en volg die stappe vir Week 2. Vra vir die klas om 'n geskenk te teken wat hulle graag sal wil kry.*



7 Skryf netjies en duidelik woord vir woord neer wat die kind vir jou sê.

8 Moedig die kind aan om die sin saam met jou te lees wanneer jy klaar geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

BEURTGROEPE

# AKTIWITEIT Kreatiewe spel

**Kinders bou op die storietaal en -tema voort deur voorgeespel en kuns- en handwerkaktiwiteite.**

**JY BENODIG**
Prente of boeke wat pragtige reënboë wys; groot stukke wit papier; verskillende kleure verf


*Vingerverf moedig die kinders aan om hulle met Ali se karakter in die storie te vereenselwig. Dit kan 'n morsige aktiwiteit wees; maak dus seker die kinders werk in 'n geskikte ruimte met maklike toegang tot wasfasiliteite.*



## *Week 1: Kuns en handwerk*

**STAPPE**

1 Vra die kinders om na prente van reënboë te kyk en te wys na die kleure van die verf in die storie.
2 Vertel vir die kinders hulle gaan 'n reënboog op die groot stuk papier verf om pragtige geskenkpapier te maak.
3 Wys vir die kinders hulle gaan met hulle vingers verf, net soos Ali in die storie gedoen het.
4 Herinner die kinders om al die kleure te gebruik om 'n reënboog te maak; nie net een kleur nie.
5 Moedig die kinders aan om die hele bladsy te gebruik en om 'n groot reënboog te verf.



## *Week 2: Fantasiespel*

**STAPPE**

1 Lei die groep na die fantasiehoekie en bring hulle gou tot bedaring.
2 Lees die reëls vir die fantasiehoekie vir die kinders.
3 Wys vir die kinders die nuwe rekwisiete wat hierdie week in die fantasiehoekie is. Bespreek hoe Ali en Musa se ma vir hulle geskenke gegee het. Kry die kinders in jou klas geskenke van hulle familie? Baie mense gee geskenke wanneer iemand verjaar of wanneer dit Kersfees, Eid of Nuwejaar is – of dalk sommer net wanneer iemand partytjie hou.
4 Sê: "*Vandag speel ons **Ons hou partytjie!***"
5 Begin nou deur te sê: "*Ons gaan 'n partytjie hou en die gaste gaan nou-nou hier wees! Maar kyk, die partytjie is nog nie gereed nie! Is die kos al uitgepak? Is die versierings opgehang? Wie kan help om die geskenkkaartjies gereed te kry?* (Wys na die vetkryte). *Wie gaan help om koekies te bak?* (Wys na die speeldeeg)."
6 Loer ten minste een keer by die hoekie in om die kinders waar te neem en aan te moedig. As hulle byvoorbeeld 'n rukkie lank voorberei het vir die partytjie, kan jy aan die deur klop en sê "*Hallo! Hier is ek! Dankie dat julle my na die partytjie genooi het. Sjoe, alles lyk pragtig. Ek is so honger, wys asseblief vir my wat ek kan eet!*"

**JY BENODIG**

Die volgende rekwisiete: bokse toegedraai in die geskenkpapier wat die kinders in Week 1 gemaak het; partytjietoerusting soos ballonne en papierlint, papierborde, papierkoppies, verjaardagkersies, plastiekkoeldrankbottels, ens.; papier, vetkryte; skêre; speeldeeg



BEURTGROEPE

# AKTIWITEIT Letterlegkaarte en -speletjies

**Kinders lê hulle letterklankkennis vas terwyl hulle legkaarte bou en speletjies speel.**

**JY BENODIG**
’n Stel letterlegkaarte (bladsy 57 en 58)

## *Letterlegkaarte*

**STAPPE**


1 Neem ’n legkaartstuk met ’n letter daarop en sê die klank wat die letter maak. Wys vir die kinders hoe om na ’n prent wat met daardie klank begin, te soek: “*Hierdie letter maak die klank **/s/**; kom ons soek ’n prent wat met **/s/** begin … kyk, hier is ’n slang!*” Probeer die stukke inmekaar pas. Wys vir die kinders hoe dit inmekaar pas.

2 Jy kan ook begin deur ’n legkaartstuk met ’n prent op te tel, te sê wat dit is, die beginklank te sê en dan na die ooreenstemmende letter te soek: “*Hier is ’n appel … appel begin met ’n **/a/**. Kom ons soek ’n letter wat sê **/a/**.*

3 Herhaal die proses, maar kies ’n prent wat verkeerd is en wys vir die kinders dat die legkaartstukke nie inmekaar pas nie.


*Daar is twee speletjies beskikbaar na gelang van die vlakke van die kinders in jou klas. Begin met die letterlegkaarte en stel die posbus-speletjie as ’n ekstra aktiwiteit bekend wanneer jy dink jou klas is gereed. Kinders wat nie enige letters of hulle klanke ken nie, kan begin deur bloot te probeer om die legkaartstukke inmekaar te pas. Dit sal help om stadigaan bewustheid van letters en beginklanke in woorde te vorm. Moedig die kinders aan om in pare te werk sodat hulle by mekaar kan leer.*






## *Posbus-speletjie*

**JY BENODIG**
Letters op karton gedruk; prentkaarte wat met die ooreenstemmende klanke begin – kies twee letters wat reeds in die klas geleer is (bladsy 61); klein houers of 'posbusse' (bladsy 59); Prestik




**STAPPE**

1 Plak letterkaarte op die kante van die houers.
2 Sprei die prentkaarte oor die tafel uit.
3 Verduidelik vir die kinders die reëls van die speletjie:
   - Elke kind kry 'n beurt om 'n prentkaart op te tel. Die kind wat die prentkaart vashou, moet sê wat die voorwerp in die prent is en die beginklank sê.
   - Die groep aanvaar dit of korrigeer die kind op 'n mooi manier.
   - Die kind sit nou die prentkaart in die korrekte houer.
   - Die groep aanvaar dit of korrigeer die kind op 'n mooi manier.
   - Die speletjie eindig wanneer al die kaarte gepos is.
4 As jy tyd het, kan jy saam met die groep deur een van die houers gaan en die beginklank van elke voorwerp sê en bevestig dat dit korrek gepos is.



BEURTGROEPE

# AKTIWITEIT Oefen die letter

**Kinders werk onafhanklik om die vorming van die fokusletters b en r te oefen en teken voorwerpe wat met die fokusklanke begin.**

**JY BENODIG**
’n Aktiwiteitsbladsy per kind met ’n letter wat op die bladsy geskryf is (fotokopieer die aktiwiteitsbladsy op bladsy 52 of skryf die letters so groot as moontlik op stukke papier); kleurpotlode of vetkryte (ses tot agt verskillende kleure)

## *Reënboogletters*

**STAPPE**


1 Oefen in Week 1 die letter **b**. Wys na die letter **b** en sê: “*Onthou julle hierdie letter? Dit maak die klank* ***/b/*** *soos in b-b-boetie, b-b-bal, b-b-boks.*” Vra die kinders om **b-b-b-b-b** saam met jou te sê.


2 Vra die kinders om die vorm van die letter met hulle vingers na te trek deur by die kol te begin: “Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om.”

3 Verduidelik vir die kinders dat hulle reënboogletters gaan maak. Dit beteken hulle gaan elke keer in ’n ander kleur oor die letter op hulle bladsy skryf.

4 Vra die kinders om te dink aan dinge wat met die klank **/b/** begin en om soveel **/b/**-prentjies op die bladsy te teken as wat hulle kan.

*Die aktiwiteitstappe fokus op die letter* ***b*** *en moet in Week 1 gebruik word. Volg in Week 2 dieselfde stappe, maar fokus op die letter* ***r****. Hierdie woorde uit die storie is ’n goeie manier om die letter bekend te stel: r-r-reënboog, r-r-rooi, r-r-reghoekig. Onthou om te sê wat jy doen wanneer jy vir die kinders wys hoe om die* ***r*** *te skryf: “Begin by die kol en af, op en om.”*





BEURTGROEPE

# AKTIWITEIT Onafhanklike lees

**Kinders leer om onafhanklik te lees en geniet boeke en ander gedrukte materiaal.**

*Jy kan ook die Groot Boek en opeenvolgende kaarte van **Ali en die verf** in die boekhoekie sit. Party kinders sal die geleentheid op prys stel om weer die bekende storie te lees en te vertel.*



**STAPPE**

1. Lei die groep na die boekhoekie en bring hulle gou tot bedaring.
2. Lees die reëls vir die boekhoekie vir die kinders.
3. Wys vir die kinders wat hierdie week nuut is in die boekhoekie. Vra vir hulle: "*Hoekom dink julle het ek hierdie boeke/tydskrifte/pamflette gekies?*"
4. Bestee 'n paar minute om die kinders te motiveer en te help om iets te kies wat hulle graag wil lees.
5. Loer ten minste een keer by die boekhoekie in om die kinders waar te neem en aan te moedig.





# Hulpbronne

## *Hoe om speeldeeg te maak*

**JY BENODIG**
2 koppies meel; 1 koppie sout; 2 koppies water; 2 dessertlepels olie;
4 teelepels kremetart (by supermarkte en apteke te koop); koskleursel




**STAPPE**

1 Meng al die bestanddele en kook totdat die deeg van die kante van die pot loskom.

2 Hou in 'n lugdigte houer nadat dit afgekoel het.

*Wys die kinders hoe om die speeldeeg warm te maak deur dit in hul hande te druk. Dit is goeie oefening vir hul handspiere.*

*Verdeel die speeldeeg in genoeg plastieksakke sodat elke kind 'n bal het om mee te werk. Aan die einde van elke aktiwiteit moet die kinders die speeldeeg weer in 'n bal rol. Bêre dit in die sak om dit vars te hou.*




## *Hoe om 'n boekie te maak*


**JY BENODIG**
Fotokopie van boekie vir hierdie storie

**STAPPE**


1 Vou 'n A4-grootte fotokopie van die boekie in agt dele. Vou dit weer oop.



2 Vou die bladsy in die helfte.




3 Knip op die middelste vou. (Die illustrasie wys waar jy moet knip.)



4 Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.


5 Bring jou hande af en bymekaar.










© 2018 Wordworks



© 2018 Wordworks



© 2018 Wordworks



© 2018 Wordworks
















7



6



5



4





© 2018 Wordworks

# Ali en die verf






2




3

© 2018 Wordworks

m



b



s




r



n




d




© 2018 Wordworks


g




l



k



v




p



h






Vou terug
















Vou terug

© 2018 Wordworks










© 2018 Wordworks

| | | | |
|---|---|---|---|
| v | g | b | m |
| p | l | r | s |
| h | k | d | t |











© 2018 Wordworks

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| m |  |  |  |  |  |  |
| s |  |  |  |  |  |  |
| t |  |  |  |  |  |  |
| b |  |  |  |  |  |  |

© 2018 Wordworks

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| r |  |  |  |  |  |  |
| d |  |  |  |  |  |  |
| g |  |  |  |  |  |  |
| l |  |  |  |  |  |  |

© 2018 Wordworks

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| k |  |  |  |  |  |  |
| v |  |  |  |  |  |  |
| p |  |  |  |  |  |  |
| h |  |  |  |  |  |  |

# My aantekeninge